# 1 April 2023 - Lesing 63 - Gawes uit die Hemel - Boek 1 (volledig) - Jakob Lorber

## Hoofstuk 81 - DIE ENIGSTE WARE 'BESKERMHEER' (26.06.1841) HIM1.379

01] Sou iemand glo in die hulp en leiding van sekere beskermgeeste en engele, dan is hy net soos die een wat die prins baie goed ken, dat hy bo alles goed is, maar uit vrees dat hy die monarg na alles tog nie sal behaag nie, maar dat hy hom dalk selfs sal lastig val met sy vermeende onbeholpenheid, smee hy bande met ander beskermings- en hulpwesens, en glo uiteindelik dat hulle (alleen) hom in alle erns gehelp, of teen gevare beskerm het, terwyl slegs die monarg, as die hoofboumeester, aan die swak gelowige sy hulp en beskerming gegee het deur diegene op wie die swak gelowige 'n beroep gedoen het.

02] Dink nou eenmaal vir jouself! Jy weet tog dat alle mense en alle geeste en engele niks anders as gedagtes is nie, gedagtes wat vrywillig deur My gedra word, wat altyd hul lewens en alles anders van My af kry, elkeen soveel as wat, volgens My ewige orde, vir hom die doelmatigste is.

03] Maar as die een by die ander kom en vir hom sê: "Help My met hierdie en daardie!" - en dan, as die ander die besoeker wil help, asof vanself, is dit nie net soos wanneer 'n blinde 'n ander een lei nie, en 'n dooie 'n ander die lewe wil inblaas, of 'n diep bedroefde 'n ander diep bedroefde wil troos nie?

04] Ek sê vir jou dat elke mens, elke gees en engel, genoeg het om vir homself op te staan, en hy het ook nie 'n atoom meer wat hy uit homself vir 'n ander kan deurstaan nie.

05] Maar elkeen wat na My toe kom, met welke bedroewenis ookal, en die lewende band van die geloof met My smee, die Enigste Lewende, hoe sal dit vir hom wees, anders as dat hy homself tot My verbind deur die lewende geloof?

06] **Daar is aldus maar een enkele ware Beskermgees op die weg van suiwer waarheid - en dit is Ekself!**

07] Alle ander 'beskermgeeste' (dit wil sê die sogenaamde 'beskermhere' - deur God aangestelde beskermgeeste en beskermengele, het elke mens, maar hulle heers, deur die gesag van God, ongemerk, hul amp ten spyt, **en hulle wil nie aangeroep en vereer word nie,** maar stuur altyd alle liefde en vertroue van die mense tot die 'enigste ware en hoogste Beskermgees', die Vader in JaHshua), maar die gebruik kom voort uit die **winsbejag van die wêreldse kerk** en het sy ontstaan uit 'n swak geloof.

[08] Maar omdat die mense hulle daarop beroep het, hulle steeds daarop beroep en hul in die toekoms ook daarop sal beroep, en om die vryheid van die mense voorlopig onaangetas te laat, so bly daar niks anders oor, as om dan aan die swak gelowiges, deur die vermeende tussenganger (middelaarskap), My hulp en voorsienigheid te verleen nie.

09] Maar andersins, moenie dink dat dit die liefdadigheid van die geseëndes as gevolg hiervan stop nie. Hulle is gewoon nie sulke soort persone, soos wat swak geloof leer nie. Maar omdat al die geseëndes in My is, net soos Ek in hulle is, word hulle ook geseën deur een en dieselfde liefde van hulle Heilige Vader, en opgewek vir alle ewige tye.

10] **Daar leef geen mens op hierdie aarde, wat nie vergesel word deur geeste uit 'n beter wêreld nie.** En hierdie geeste is ook voortdurend gemoeid daarmee om diegene aan wie hulle toegewys is, te lei na die lig en na die lewe bo alle lewe.

11] Maar waar kom hierdie buitengewone strewe van sulke geeste vandaan en wat is dit? **- Is dit nie Ek** wat dit alles in hulle bewerk nie?

12] Hoe onregverdig is dit dan hierna, as mense by My verbygaan en hulp gaan soek by diegene wat niks van hul eie het nie, maar alles net van My!

13] Maar wat wil die mens hê (elders anders gaan soek) as hy weet dat **Ek as die Allerhoogste Een** met hom een wil word, ja selfs 'n Broer, sodat hy kan besef dat Ek meer as enigiemand anders is, van ganser harte deemoedig en sagmoedig, en ook buitengewoon neerbuigend **en geen verafgeleë God nie, maar in die eerste plek 'n Vader en Broer vir jou -** sodat jou eie lewe verder van jouself af is, as wat Ek is.

14] Dit is dan wanneer die mens ernstig sku geword het vir die lewe, en met die dood bevriend geraak het, en dan nie daarvan hou om die ware lewe aan te gryp nie, maar hul gryp in die verte en deur lang ompaaie na dit wat eintlik vir hulle die heel naaste is, en hulle as 't ware voortdurend op die hande dra. Want op enige ander wyse sou die hoogste wysheid dit (net soos 'n vierkantige sirkel) as suiwer onmoontlik beskou, dat 'n man wat die lewe liefhet, dit nie bo alles wil aangryp nie (want hy kan, as hy wil), ja tot in die wortel toe.

15] Maar gaan terug en vra enige evangelis, ja vra al die apostels en ander werkers in My Woord, en wys My enige gedeelte waar daar geleer word om sekere 'beskermgeeste' (beskermheiliges) naas My aan te hang! Of sê die evangelie nie eerder: ***"Kom na My toe, almal wat vermoeid en belas is, want Ek sal julle verkwik?"***

16] Is iemand uitgesluit van hierdie uitnodiging, of is iemand toevertrou aan die beskerming van die engele? - Beslis nie! Wat daar gesê is, is gesê vir ganse oneindigheid en die ganse ewigheid!

17] Maar wie van julle wil dan nog beweer dat hierdie woord van My nie volmaak is nie, of dat Ek destyds nie alles behoorlik oorweeg het nie en eers later aan iets beter gedink het? So 'n vermoede sal selfs elke wêreldheerser, wat onvolmaak is in elke woord wat uit hom is, kwaad maak. Hoe sal dit dan uitwerk as dit op My toegepas word?

18] Kyk, daarom is so 'n (beskermheilige tipe geloof) soos 'n parasitiese plant op die boom van die lewe. - Maar wie sou dan wil beweer dat die parasitiese plant van êrens anders, as die boom waarop hy vassit, sy lewe uitsuig?

19] Maar wat is die vrugte van die boom, en wat is die vrugte van die parasitiese plant? - Slegs uit die boom groei die ware vrugte. Wie daarvan eet, sal die lewe hê. Maar wat die vrugte van die parasitiese plant betref, kan die sap daarvan hoogstens dien om, indien moontlik, selfs die voëls van die hemel vir die dood te vang. *(Voëllym word berei uit die bessies van die mistelplant, 'n parasitiese plant wat op vrugtebome leef).*

20] Kyk, so is dit met alles wat nie met My verbind is nie, dit wil sê wat nie vanaf hul grondslag met My opgebou is nie! Daar is óf die een, 'n witgekalkte huis, of 'n parasitiese plant op die boom van die lewe, waarvan een net so nuttig is as die ander.

21] **Ek alleen is die Weg, die Waarheid en die Lewe! Wie nie saam met My bymekaarmaak nie, die verstrooi.**

22] 'n Tak wat van die wingerdstok afgeskei is, sal dit nie onmiddellik verdor en nooit vrugte dra nie? - Daarom, elkeen wat iets nodig het, kom na My toe en glo, en hy sal dit ontvang!

23] Wie deur twyfel bedruk word, dié dink dat die twyfel maar net die gevolg daarvan is, dat so iemand nie met My wandel nie, en hom dus nie deur My laat trek nie. Maar wie twyfel, moet na My toe kom en glo, en daar sal aan hom lig gegee word in dít waaroor hy getwyfel het.

24] Wie blind is en doof en lam en kreupel en ook stom en besete, moet na My toe kom en glo, en so sal hy sekerlik die beste hulp vind.

25] Maar let op, Ek is geen kleine Godjie nie, maar wel 'n buitengewoon grote God. Wie My wil omvat, moet sy arms wyd uitgesprei, dit wil sê hy moet My heeltemal omhels en nie net dink dat Ek kan help as Ek wil nie. Maar hy moet dink dat Ek meestal, altyd wil help. - As hy sulke sake in

homself wil verenig, dan word sy geloof regtig lewend.
26] Maar dit mag dalk, volgens julle maatstawwe, hier en daar by sommige voorkom, dat hulle dalk hul geloof moet verbind tot menige verskynings van beskermgeeste, veral van dié wat ontstaan uit die wêreld van die sogenaamde somnambulisme (slaapwandelaars).
27] Dan sê Ek: Hierdie verskynings van beskermgeeste, wat by sulke geleenthede voorkom, is niks anders as die skeppings van jou eie geloof nie, en het 'n groot ooreenkoms met daardie drome waarin die mense, onder allerlei omstandighede, dit visueel en lewendig tot stand laat kom, waaroor hy in sy wakker toestand uitermate opgewonde gedink het, nie in sy verstand nie, maar in sy gemoed.
28] Net soos hierdie droombeelde enersyds wel iets is, is die genoemde verskynings vir die somnambuliste nie bloot 'n leë verskyning nie, maar ook iets werkliks. - Maar wat is dit eintlik? Hierdie "werklikhede" is niks anders nie as 'n skepping van die eie geloof, in samewerking met die allesverwerklikende liefde.
29] Want niemand kan hulp soek by diegene waarin hy nie eers geglo het nie, en dit dan liefdevol en vertrouend met sy verstand omhels het. En selfs 'n materiële beeldhouer kan nie 'n figuur maak wat hy nie eers op een of ander wyse in homself geskep het nie.
30] Maar hoe het hy dit geskape? Hy het eerstens aan 'n voorwerp gedink. Hierdie voorwerp het Hom behaag. Maar omdat dit Hom behaag het, het hy dit in sy gedagtes vasgegryp en, by wyse van spreke, verlief geraak op sy idee. En net soos hy sy idee met Liefde omarm het, so sal hy dit ook, sodra Hy andersins die vaardigheid daartoe besit, dit onfeilbaar aan die werk sit.
31] Nou kyk, so gaan dit met alle verskynings, veral in die sogenaamde somnambulistiese toestand, waarin die sigbare illusies eers ophou en die selfskeppings soos mis verdwyn, wanneer nie net die siel nie, maar ook die lewende gees van die slaapwandelaar ontwaak, in welke toestand (wat, toegegee, selde voorkom) die slaapwandelaar dan weinig meer melding maak van al die "beskermgeeste" ensovoorts wat voorheen waargeneem is, omdat die gees dan duidelik, slegs die enigste en Enige groot Beskermgees van alle beskermgeeste sien, hoor en erken.
32] Maar wat, benewens die somnambulistiese (beskermingsgeeste) verskynings, ook diegene wat monnike liefhet aangaan, sal jy self soveel wysheid besit en nie, soos die heidene, bygelowig wees om al hierdie entoesiasme in die duidelikste deel van My Woord, op sigwaarde te beskou nie, en uiteindelik nog steeds in die een kwart daarvan glo, so asof selfs hout-, klip- en geverfde beelde van sekere "beskermheiliges", vir jou van enige nut kan wees.
33] **Ek sê vir julle, so 'n geloof is geen haar beter as dié van die Baälknegte nie!** - As 'n lewende mens nie sy broer kan help nie, en die Skrif sê dat alle menslike hulp nutteloos is, hoe kan 'n stuk gesnede hout of ander dooie materiaal van nut wees? '
34] Of sou jy selfs van mening wees dat die "beskermgeeste" self by sulke hulpgeleenthede in hul stoflike beelde teenwoordig is? – Daarvan sal net hierdie paar jou negatief kan oortuig.
35] Neem byvoorbeeld die beste beeld wat Myself voorstel, hangend aan die kruis, en tel al die kruisbeelde in die Katolieke en ook ander Christelike wêrelddele, waarvan daar soms enkele dosyne van verskillende groottes in een huis is – nou, moet al hierdie beelde tesame meer help as net een, of moet die grotes meer krag hê as die kleineres?
36] Of moet die gewyde Christus-beelde miskien kragtiger wees as die ongewydes - en die gewyde beeld in 'n hoogaltaar baie kragtiger as 'n ander beeld in 'n sy-kapel? - Kan jy nie die dwaasheid met die eerste oogopslag sien nie?
37] Maar as Ek self, as die lewende Helper, nie 'n mens nodig het nie, selfs nie 'n engel nie, nog minder 'n gesnede beeld (want as Ek help, help Ek in die Gees en in die waarheid, nie in hout, klip of verf nie!) - watter krag en werking kan die afbeeldinge van die beskermgeeste dan hê, aangesien die "beskermgeeste" geen helpende krag en werking op sigself het nie?
38] Maar as ons veronderstel, volgens die swak geloof, dat hulle (die beelde) wel 'n helpende krag op sigself het, maar word terselfdertyd aangeroep deur baie honderdduisende mense, wat voor hul beelde kniel - hoe sou so 'n ondeelbare beskermgees rondflits tussen al sy beelde, sodat hy nooit laat gaan wees met sy hulp nie?
39] Of dink jy 'n spook kan tegelykertyd oral wees? Die Ewige Gees kan dit wel doen, want alle dinge is in Hom. Maar 'n geskape gees sal dit in ewigheid nooit kan doen nie, omdat dit, in vergelyking met My, slegs 'n eindige gees is.
40] Maar watter mens kan tegelyk duisend gedagtes bedink? Gedagtes is maar slegs 'n werk van die gees en 'n aanskouing van die siel, wat in dit opneem, óf die gedagtes, óf, beter nog, die geestelike werke uit die gees, as die grote, uiterlike gedagtes of sigbare werke van die Gees van die ewige God. Maar as die gees in julle net in eenvoud, of net opeenvolgend een gedagte na die ander kan bedink, dan is dit self maar net eenvoudig en onverdeelbaar, en aldus kan My werke, wat Ek met een gedagte in die grootste klaarheid vasvang, en slegs geleidelik beskou kan word, en met só 'n beskouing in alle ewigheid nie voltooi word nie. - Hoe wil hy dit hierna regkry om as een of ander "beskermheilige" in alle afbeeldings ewe kragtig, en terselfdertyd helpend, teenwoordig te wees?
41] Maar die (menslike) geeste wat na die ander wêreld oorgegaan het, word slegs moeisaam genees van hierdie beskermgeeste-siekte. En dit gebeur dikwels dat alle vermeende "beskermgeeste" eers uit die weg geruim moet word. Want as dit nie sou gebeur nie, sou die meeste Rooms-Katolieke van My af wegvlug en hulle tot hul beskermgeeste wend.
42] Ek durf nie so ver teruggryp nie, maar net terwyl jy hierdie nou skryf, hardloop die arme geeste deurmekaar, en soek ywerig rond en bont na hulle "beskermers". Ek, is dit wat hulle sigbaar tegemoet gaan, soos 'n Broer en liefdevolle Vader, en hulle toeroep dat dit vir My alleen is na wie hulle moet soek en My vind, maar van My af vlug hulle weg in alle erns, en die dapperes vra My selfs om hulle na hul beskermgeeste te bring!
43] Kyk, as sulke dwaasheid so sterk gevind word, selfs onder die geeste wat al aan die ander kant woon, watter bewyse teen sulke dwaasheid sal opgelewer kan word deur alle (beskermgees)-verskynings in hierdie materiële wêreld, vernaam dié wat soek na die Gees van die lewende liefde en lewende waarheid in die geloof?
44] Daarom, as jou huis stukkend sou wees, of jy vrees vir enige skade, wend jou dan te alle tye tot My, want Ek is die heel verstandigste Boumeester van sielehuise en die veiligste, helpende Beskermgees van alle beskermgeeste - en jy kan verseker wees dat, sou Ek 'n huis afbreek, Ek dit ook weer teen die billikste prys en in die ergste geval gewis stewig genoeg sal kan heropbou.
45] En dink daaraan dat 'n Monarg soos Ek, hoegenaamd geen bemiddelaars benodig nie, maar: **"Ekself is alles in alles!"**
46] En wie na My toe wil kom, hy moet kom, **en hy sal My altyd tuis aantref**, soos wanneer Ek niks anders te doen het nie, en as die enigste soekende wat My alleen wil dien.
47] Vertrou dus, en bou op My! Want Ek is 'n vaste fondament!
48] Wie op hierdie fondament bou, sy huis sal nooit lek nie. Want wie die materiaal van My af neem, hy het dit ten lewe, **soos Ek self die enigste ewig Lewende is en die Lewe gee aan elkeen wat dit van My soek.**
49] As jy dit ook by My soek, sal jy vir ewig lewe! Amen. - Dit sê Hy wat alléen die Lewe het en gee. Amen.